

“ons is nie halfnaaitjies nie / ons is Kaaps”: Die wroeging met identiteit by enkele swart Afrikaanse skrywers¹

S. van Wyk
Departement Afrikaans en Nederlands
Universiteit van Wes-Kaapland
BELLVILLE

Abstract

Wrestling with identity: some black Afrikaans writers

Notions of identity are major themes in black Afrikaans writing. This phenomenon is caused by the imperative for these writers to articulate a particular community's struggles, but is also caused by the critics' inclination to read the coloured community in these texts. This article looks at the constructs of identity in the work of three leading figures: S.V. Petersen, Adam Small and Patrick Petersen. The following trends are identified: adherence to the Afrikaner, Black Consciousness, communality with Afrikaans speakers, identifying with the rainbow nation. The article draws on post-colonial theory and current debates in South African society to evaluate these constructs.

1. Inleiding

Oor die begrip *swart* sê Patrick Petersen (1995:35) in 'n terugskouing oor die Tweede Swart Afrikaanse Skrywersimposium wat in 1995 gehou is: “(d)ie term is nie letterlik op te neem in die sin dat dit verwys na velkleur nie. Dit dui 'n toestand aan van waar ons is en waar ons vandaan gekom het”. Met dié uitspraak impliseer Petersen die belangrikste strydpunte wat op hierdie skryfwerk betrekking het, onder andere kwessies soos die kanon vs. marginalisering, esteties vs. politiek, die politiek van uitgewers en die voorskryfmark. Dit is letterlik ook 'n aanduiding van die verstrengeling van hierdie sosiaal-kulturele uitings met die identiteitsproblematiek.

1 Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n voordrag wat gelewer is by die Sewende Hoofkongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV), Bloemfontein, 18 - 20 September 1996.

Die titel “ons is nie halfnaaitjies nie/ons is Kaaps” is ontleen aan die gedig “Ons kom van ver af” uit die gelyknamige bundel (kyk Abrahams *et al.*, 1995). Die spelwyse “halfnaaitjies” word behou soos dit in die gedig self aangedui word

Dit is insiggewend dat sekere titels van die onlangse bundels van dié groepering skrywers sinspeel op op reis wees, peregrinasie en diaspora – vergelyk *Aankoms uit die skemer* (Adams *et al.*, 1988), *Optog* (Adams *et al.*, 1990), *Vergenoeg* (Petersen, 1993) en *Ons kom van ver af* (Abrahams *et al.*, 1995). Hierdie tendens kan ’n aanduiding wees van die dialektiek tussen hierdie skrywers, hul werk en kwessies rondom identiteit². Stuart Hall (1990:235) se tipering “diaspora identities” wat hy omskryf as “those which are constantly producing and reproducing themselves anew, through transformation and difference” kan hierop van toepassing gemaak word. Alhoewel dié beskrywing eweseer waar is van ander identiteitsvraagstukke, lê dit ’n verband tussen hierdie skrywers en dié van die swart diaspora³ wat met soortgelyke kwessies worstel.

Hierdie artikel skets in breë trekke hoe S.V. Petersen, Adam Small en Patrick Petersen met die identiteitsproblematiek omgaan. Meer klem word egter op Small gelê omdat daar by hom, anders as by die twee ander figure, meer tendense te bespeur is. Vir die doeleindes van die artikel word die volgende fases onderskei:

- die aansluiting by die Afrikaner in die laat vyftiger- en sestigerjare,
- Swart Bewussyn in die sewentigerjare,
- gemeensaamheid met Afrikaanse mense in die negentigerjare,
- identifisering met die reënboognasie.

2. Aansluiting by die Afrikaner

Enkele bundeltitels van S.V. Petersen (*Die enkeling* [1944], *Die stil kind* [1949], en *Die kinders van Kain* [1960]) gee ’n aanduiding van die sentrale bemoeienis van sy oeuvre: hy verwoord die protes van die enkeling/intellektueel wat deur opvoeding daarin kon slaag om die maatskaplike lotgevalle van sy groep te ontgom, maar wat vanweë sy velkleur (in sy woorde: die vloekstraf van ’n donker huid, die Kainsmerk⁴) daarvan weerhou word om toegang tot die (wit)

2 Kyk Ashcroft, *e.a.* (1989:8-9) oor die bemoeienis met plek, verplasing, ’n gevolglike identiteitskrisis en ’n strewe na die herwinning van die self in postkoloniale letterkundes.

3 Dié term verwys na swart mense uit Afrika en hul nageslag wat grootliks as gevolg van slawerny in die VSA, die Karibiese eilande en elders hervestig is (kyk Segal, 1995).

Hall (1990) meld dat hy die begrip *diaspora* metafores gebruik, as verwysing na die terugkeer van die Jode na die Heilige Land sou dit in die teken van imperialisme staan. Hy ken aan die begrip ’n teen-hegemoniese, kontesterende waarde toe en verbind dit aan heterogeniteit, diversiteit en hibriditeit.

4 Vergelyk die derde stofe uit die gedig “Bede” uit die bundel *Die enkeling* (1959:14):

hoër sosiale klas te verkry. Petersen se beklaging is nie uniek nie. Die APO (African Political Organisation) van dr. Abdurahman het reeds in 1909 verklaar dat “it is not race or colour but civilization which is the test of man’s capacity for political rights” (aangehaal in Adhikari, 1993:95). Die verset teen ’n gestigmatiseerde identiteit tref ’n mens ook in die eerste werk van Adam Small aan.

Small is volgens Jack Cope (1982:183) “the kind of writer who fits into no pattern at all: the odd man out”. Een voorbeeld hiervan is die ambivalente verhouding waarin Small (en ook Petersen) tot die Afrikaanse letterkunde staan; kanoniserings in die oorwegend wit Afrikaanse letterkunde geskied hoofsaaklik op grond van die verwoording van die “bruin ervaring” (Kannemeyer, 1983:292-297), maar dit is by implikasie ook ’n meganisme van uitsluiting. Die tipering “swart Sestiger” erken Small se aandeel aan een van die bloeiryke periodes in hierdie letterkunde, maar andersyds impliseer dit ook sy marginalisering in daardie letterkunde: ’n posisie van binne maar tog ook buite.

Die evaluering van Small se gebruik van Kaaps illustreer ’n verdere dimensie van hierdie ambivalensie. Die bundel *Kitaar my kruis* (1961) word enersyds deur establishment-literature geloof vir die wyse waarop deur die gebruik van Kaaps “die diepste beroering van die Bruinmense” uitgespreek word (Cloete, 1980:154). Andersyds het daar egter van die intellektuele in die Unity Movement / Teachers League of South Africa (UM/TLISA) fel kritiek gekom. Gerwel (1986:16) som die reaksie van hierdie groepering op: “Daar is dan of gesuggereer dat Small deur sy gebruik van dié patois sou toegee aan die idee van ’n afsonderlike ‘kleurlingskap’ of dat hy die sogenaamde ‘kleurlinge’ op ’n stereotiep-bevestigende, neerhalende wyse voorstel”. Oor die funksionaliteit van Kaaps later meer – wat hier ook belangrik is, is die kulturele onderbou van identiteitskepping.

Die ambivalente posisie van Petersen en Small is grootliks die gevolg van politieke keuses binne die apartheidsstelsel. Een van hierdie politieke keuses is die aansluiting wat hulle soek by die Afrikaner, veral in ’n maatskappy wat deur

Laat my dan maar soos Lasarus
tevrede wees, met strcling van
elk honger honde-tong;
Dan weet ek tog, dis U besluit,
die vloekstraf van ’n donker huid.

En die eerste strofe uit die gedig “Die merk” uit die bundel *Die kinders van Kain* (1960:2):

Net enkeles luister
hoe hy, hoog en sterk,
sy stem in toorn verhef
oor so ’n Kainsmerk;

apartheidswette erg gepolitiseer is. In *Die eerste steen?* (1958) verwoord Small die visie dat die kleurlinge Afrikaners is en betreur die breuk wat die apartheidspolitiek tussen wit en bruin veroorsaak het. Petersen se gedigte “Verwantskap” en “Mulat”⁵ het ’n soortgelyke strekking. Daar is by hulle ’n bitterheid dat die opgevoede bruinman minder regte het as die wit skollie!

Small se onkritiese hantering van die term Afrikaner haal hom die gramskap van die UM/TLSA op die hals. Oor Small se opdrag in *Die eerste steen?* (1958) – “... aan my mense, die Afrikaners” – laat Jonker (1969:7-8) hom later soos volg uit: “Sy beskouings is geskoei op die lees van die Afrikaner. Hulle denke is sy denke ... Die moeilikheid is net sy vel is bruin. By Small is dit die groot rede vir sy bitterheid”.

Jonker vervolg dan:

Adam Small, jy het dit heeltemal mis as jy sê: ‘Ons almal het uiteindelik en in die eerste en laaste instansie maar net een strewe, en dit is om te ontkom aan die vernedering wat die lewenswerklikheid van elke dag vir ons beteken’. Jy wil ontkom deur openeem te word in die kring van die verdrukkers. Vir die oorgrote meerderheid gaan dit verder as die vernedering. Dit gaan oor die verdrukking, en die strewe om ’n einde te maak aan die vernedering van almal.

5 “Mulat” uit *Die kinders van Kain* (1960:4)

Hulle ken hom nie,
die man met wie
hulle in die donker maats is;

Toe die daglig kom
spreek hulle van hom asof hy melaats is.

... asof hy melaats is.

“Verwantskap” uit *Die enkeling* (1959:13)

“Weet dit:
Vir my bly jy ’n vreemdeling,
niks meer:
Jou vader was ’n slaaf,
en myne was ’n heer!”

“As dit,
As dit by vaders kom, is ons
verwant!
En vreemde broer, durf jy
ontken, die broederband?!”

Oor Petersen word soortgelyke sentimente in dié tydskrif verwoord.⁶

Die posisie van Petersen en Small is die posisie van die gekoloniseerde intellektueel wat hom/haar in 'n eksistensiële krisis bevind. Deur opvoeding en die bemeestering van koloniale waardes het hulle 'n trappie hoër geklim as die massa, maar hul velkleur verhoed opname in die dominante kultuur – dit is die “epidermilization of inferiority” waarvan Fanon (1986:13) praat.

Hierdie beleving is ook vergelykbaar met wat Afro-Amerikaners “double-consciousness” noem. W.E.B. du Bois verwoord dit so:

... this sense of always looking at one's self through the eyes of others, of measuring one's soul by the tape of a world that looks on in amused contempt and pity. One ever feels his two-ness – an American, a Negro; two souls, two thoughts, two unreconciled strivings; two warring ideals in one dark body, whose dogged strength alone keeps it from being torn asunder. This history of the American Negro is the history of this strife – this longing to attain self-conscious manhood, to merge his double self into a better and truer self⁷ (aangehaal in Hale, 1994:449-450).

Wanneer die verband wat Afro-Amerikaanse literatuur-teoretici trek tussen “double-consciousness” en die Bakhtiniaanse konsep “dubbelstemmige diskoers” oftewel heteroglossia (laasgenoemde 'n manifestasie van eersgenoemde) (vgl. Hale, 1994) ook op die skryfwerk van Small toegepas word, word die analogie versterk. Die konsep “dubbelstemmige diskoers” verwys na “... another's speech in another's language, serving to express authorial intentions but in a refracted way”. Hierdie tipe diskoers dien dus twee sprekers gelyktydig (Bakhtin, 1981:324).

Dit word algemeen aanvaar dat Small met sy hantering van verskillende taalvorme in veral die Sestigerwerk daarin slaag om sosiale stratifikasie weer te gee. Hierby kan ook die “stylfiguur” van die Kaapse vriend – Small se

6 Vgl. April (1969:6): “*Die Enkeling* verteenwoordig Petersen – in die politiek noem ons hom gewoon een van die vooraanstaandes – die groep wat opgewonde geraak het toe die verligte Nats na Sharville vir verwantskap met Bruines gesoek het om te oorleef.”

“Hierdie dun lagie, die roem! van die kleurlingroep is veral gegrief dat hulle wat opgevoed en so beskaaf is, wat dieselfde geloofsbelijdenis doen as hulle Blanke broers en wat nog in baie gevalle Afrikaans praat, oor dieselfde kam geskeur (sic) word as die vees.”

7 Small (1980b:8) herhaal byna woordeliks hierdie sentiment: “Maar dan sit mense soos ek ... nóg steeds met ons gespletenheid – 'n soort skisofrenie, 'n onsuiverheid in ons geestelike struktuur: daardie verskriklike dubbelslagtige ervaring van (aan die een kant) ‘bloom mens wil wees’ én (aan die anderkant van) ‘nic-wit wees’. En al noem jy jou soms swart, hierdie gespletenheid *bly* joune”. (Kursief in die oorspronklike teks.)

buikspraakverhouding met die Kaapse Vlakte-mense – gereken word. Gegee die sosiale ingebedheid van taal sou 'n mens kon argumenteer dat Small hiermee aan verskillende sosiale identiteite uiting gee. In die gedig “Vyfde Evangelie” in *Kitaar my kruis* (1987:69-82) word figure soos die koerantverkopers, die blanke kondukteurs en die bruin onderwysers deur middel van 'n spesifieke taalvorm gemerk en/of gestereotipeer; onderskeidelik Kaaps, bry-Afrikaans en 'n sleep-tongvermenging van Engels en Afrikaans. Dit is egter opmerklik dat by Small die vertellerstem hoofsaaklik in gestandaardiseerde Afrikaans is. Hierdie taalvorm vervul die rol van 'n ramende diskoers waardeur die beeld van die ander tale gerepresenteer word (kyk Bakhtin, 1981:358-366). 'n Mens sou met reg kon praat van retorikale parodie (Bakhtin, 1981:364) in die wyse waarop van die ander taalvorme 'n negatief-stereotiperende beeld geskets word; 'n beeld afgestem op die afwysing en uitsluiting van die sprekers. Die beeld van Kaaps is positiewer en minder afstandelik; in hierdie geval 'n beeld afgestem op die “overcoming of its otherness” (Bakhtin, 1981:365).

Op sosio-politieke terrein sou dit 'n korrelaat hê in die liberale projek van 'n oper Afrikanerskap wat die uitvloeisel is van die natuurlike bond- en lotgenootskap tussen bruin en wit Afrikaners (Small, 1958:22).

Hierdie sienswyse word in die vyftiger- en sestigerjare ook gedeel deur liberale Afrikaners soos D.P. Botha in *Die opkoms van die derde stand* (1960) en die Kaapse Nasionaliste. Hulle is egter 'n randgroepering, want in die sestigerjare word die apartheidsbeleid sistematies geïmplementeer. 'n Deel van hierdie beleid was die skep van grense tussen volke en vir dié doeleindes ook 'n afsonderlike kleurlingvolk. Die implementering van 'n verskeidenheid diskriminerende statutêre regulasies soos die Bevolkingsregistrasiewet en die Groepgebiedewet het tot 'n groot mate kunsmatige grense en identiteite geskep en het in dié proses pyn en lyding op 'n massiewe skaal tot gevolg gehad. In die Afrikaanse letterkunde verwoord geeneen dit so skrynend as Small, onder andere in die gedig “Vryheid” uit *Kitaar my kruis* met die refrein; “o God, u hoogste proef is nie die vuur, maar die vernedering” (1987:25-28).

Die protes teen die apartheidswette, die regime se onderdrukking van die verset met onder andere die verbanning van die ANC en PAC en die ontstaan van 'n politieke vakuum wat uiteindelik deur die Swartbewussynsbeweging gevul is, is geskiedenis. Wat minder bekend is, is die aanhang van Swart Bewussyn in die Wes-Kaap en die behoefte vir identiteitskepping wat dit vervul het.

3. Swart Bewussyn

Van die Swartbewussynsbeweging sê Gerwel (1986:18) dat dit “... as intellektuele en kulturele beweging die definisies van die oorheersers

fundamenteel uitgedaag (het) en aan swart mense die sosiaal-sielkundige vrymoedigheid teruggegee (het) om hulself te definieer”.

En in sy getuienis by die SASO (South African Students' Organisation)-verhoor sê Small (1976:6123):

... as ons dan nie Wit is nie, en ons wil nie Nie-Blank genoem word nie – soos mense wat in terme van 'n ander mens, 'n ander wese, gedefinieer word – wat word ons genoem? Ons wou positief beskryf word. En ons het besluit dan word ons Swart genoem en ons het gedink dit is ten minste terminologies 'n oplossing ... Dit was iets moois vir my, hierdie strewe na 'n positiewe identiteit.

Hy laat blyk sy teleurstelling, selfs 'n gevoel van verraad in die letterkunde en die Bybel waarin hierdie negatiewe benoeming voortgesit word en verwoord hul strewe om “in die nuwe skrywe ... daardie eksistensiële onreg (te) probeer regstel”.

Small gee gestalte aan sy teleurstelling in die bundel kwatryne met die veelseggende titel *Black bronze beautiful* (1975). Die ontwikkeling van 'n trots in swart-wees, swart geskiedenis en kultuur en die propagering van die solidariteit van swart volke in die afwerping van wit onderdrukking word in die bundel aangetref. Die meeste van die liriese verse in die bundel is 'n besinging van swart skoonheid / die verheffing van swart-wees tot estetiese objek.⁸ Die swart ervaring en Afrika is deurgaans die stramien van die beelding in hierdie verse, vgl. kwatryn 30:

Sing of my rivers: Niger, Congo, Nile
Sing of their basins, of their blackest banks
Sing of the meandering glory of my rivers
Sing even of their treachery and guile:
(Small, 1975:30).

Dit is ook in hierdie periode dat Small 'n meer aktivistiese rol begin speel. Sy betrokkenheid by die Swartbewussynsbeweging lei tot inisiatiewe soos die beplande afstap van die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland en die voorgenome stigting van 'n vrye universiteit, sy rol as adviseur van SASO, sy

8 Vgl. die sesde kwatryn:

Anointment to be true must nothing lack
must cover the head, the navel, and the feet
extremities and centre: fragrant it must be
and full – fullness always being black
(Small, 1975:6).

kontak met leiersfigure in die Swartmagbeweging in die VSA en miskien ook die swaai vanaf die meer esoteriese terrein van die Filosofie na die praktiese domein van Maatskaplike Werk, gestimuleer deur sy betrokkenheid by die Black Community Projects.

Kenmerkend van die Swartbewussynsbeweging is ook die fel kritiek op die kolonialisme van wit liberale. Die polemieë tussen Small en André Brink oor die roman *Heideseë* (1979) is hiervan 'n sprekende voorbeeld en resoneer steeds in die debat oor estetiek vs. politiek wanneer dit gaan om die verwoording van die swart ervaring deur swart Afrikaanse skrywers. Op Brink se aantyging dat Small romanties en sentimenteel is, antwoord Small met tipiese Swartbewussynsverweer: hy het dit teen die hooghartigheid van wit mense wat vir die swart man wil verklaar hoe hy behoort te voel en sy pyn namens hom wil interpreteer (Small, 1980a:21).

Dit is ook in die middel van die sewentigerjare dat Small die bewustelike keuse maak om voortaan net in Engels te skryf. 'n Mens staan hier voor 'n kontradiksie; Small se besluit is gemotiveer deur protes teen die apartheidsregering wat sy drakoniese wette in Afrikaans uitvaardig en die vernedering wat onderdruktes daagliks in Afrikaans beleef. Die outobiografiese karakter, Johnny Adams, verwoord dit so in *The orange earth* (1984:48):

And then she says, this white woman, and she's talking to Pappa ...
'Adams'... sê vir jou meid ... she can go around the back ... And she smiles.
For she has just been very kind to us ... And she's speaking our language ...
Afrikaans.

Aan die ander kant was 1976 juis 'n keerpunt in die protes teen apartheid wat voortaan toenemend in Afrikaans verwoord is – veral op die kampus van die Universiteit Wes-Kaapland – en was Afrikaanssprekende intellektuele soos Small en Jakes Gerwel van die prominente artikuleerders van Swartbewussynsidees.

Die ongeborgtheid wat Small in die sewentigerjare ten opsigte van Afrikaans ervaar, is 'n algemene verskynsel in die bruin gemeenskap wat om 'n verskeidenheid redes lei tot 'n voorkeur vir Engels as huistaal. Dit is ook 'n ope vraag of Small se keuse teen Afrikaans dalk die oorsaak is van 'n afname in sy kreatiewe werksaamheid.

4. Gemeenskap met Afrikaanse mense in die negentigerjare

Small wy hom sedert die sewentigerjare veral aan sosio-politieke kritiek in 'n polemiese styl. Die woorde van die Karibiese digter en Nobelpryswenner, Derek Walcott (1994:145), is in hierdie verband insiggewend:

The tyrant mounts the platform and the hundreds of thousands in the public square are crying 'convince me', the parson ascends the pulpit and the congregation is praying 'convert me', the poet ascends the lectern and the moment he is bemedalled or laurelled like a competing athlete, or some betting pool of literature's favourite horse, he becomes the pet of the crazy emperor, he becomes a critic. He has sublimated himself.

Die toekening van die Orde van Voortreflike Diens (Goud) deur pres. De Klerk aan Small en sy verkiesing tot lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, spring hier onmiddellik voor die oog.

Die wesenlike gevaar van koöptering kan nie weggeredeneer word nie, of soos Max du Preez (1995:17) dit aan Small gestel het: "... ballas bak met die boere om dieselfde vuur". Die transformasie van Februarie 1990 en Mei 1994 het 'n radikale omkeer in die politieke magsbalans in Suid-Afrika teweeggebring. Desnieteenstaande besit Afrikaners in 'n groot mate nog die mag op die Afrikaanse kulturele terrein en word verskeie strategieë aangewend om hierdie mag te behou. Die oopstelling en deelname aan kultuurorganisasies bly egter steeds problematies.

Vir Small is dit egter nie meer die ou kwessie van deelname ter wille van verandering nie, want volgens hom is die verandering nie bloot op die vlak van gesindhede nie. In sy woorde: die afgedwaaldes het werklik huis toe gekom, na die Afrikaanse voorhuis⁹. Dié metafoor bied ook aan Small 'n nis om identiteit in terme van Afrikaans as "grootste en wesenlik bevrydende begrip" te verwoord. Hy sê in reaksie op !Khoisan X: "... indien dit oor wortels gaan, watter soort 'X' geld vir my? Seker maar Adam X! 'n Heel gewone mens in die wêreld! Maar dan, steeds, op *hierdie* oomblik in die tyd en op *hierdie* bodem, ook 'n Afrikaanse mens" (Small, 1994:21).

Die kritiese vrae in hierdie opsig is wie se huis is dit? Is dit 'n huis met vele wonings? Het die verlore seun sy skuld bely? Wat van die ander wat nie kan vergeet nie?

Argumentshalwe kan 'n mens aanvoer dat Small sy huis gevind het, nie as afgedwaalde nie, maar die huis se deur waaraan hy sedert die sestigerjare klop en

9 "Die feit is dat Afrikaanse mense wat verdruk is deur apartheid en wit kolonialisme oor die algemeen, deur die bitter jare 'die huis gehou' het terwyl van hul familie, oftewel Afrikaanse kultuurgenote, van die huis gedros het agter apartheid aan.

... Wat nou gebeur, is dat hierdie Afrikaanse voorhuis, en die Afrikaanse huis as sodanig, die kultuurgenote wat wederkeer van die groot en historiese tragiese wêgloop af, terugontvang" (Small, 1995:11).

wat altyd vir hom gesluit was: 'n gemeensaamheid met Afrikaners. En ek stel dit sonder die argwaan en venyn ten opsigte van die UM/TLSA-kritiek van die sestigerjare; kritiek wat voorskrywend was in die uitvoer van hul beleid van “noncollaboration”. Insgelyks kan 'n mens aanvoer dat Small met sy verwoording van soms onpopulêre idees oor die identiteitsvraagstuk 'n voorbeeld is van wat Said (1994:30) die “exilic intellectual” noem. Hy sê:

... although there is inestimable value to what an intellectual does to ensure the community's survival during periods of extreme national emergency, loyalty to the group's fight for survival cannot draw in the intellectual so far as to narcotize the critical sense ... to presenting alternatives that are too often marginalized or pushed aside as irrelevant to the main battle at hand. Even among the oppressed there are also victors and losers, and the intellectual's loyalty must not be restricted only to joining the collective march.

Om terug te keer na die kwessie van verskillende identiteite; die eise van die transformasie na 'n volwaardige demokrasie en die bereiking van die ideaal van 'n verenigde nasie – die reënboognasie soos aartsbiskop Tutu dit in vooruitsig stel – vra dalk 'n meer akkommoderende houding.

5. Identifisering met die reënboognasie

Die aanvangstrofe van Patrick Petersen se gedig, “Ons kom van ver af” in die gelyknamige versamelbundel (1995:79), lui:

My Xhosa susters en broers, julle moet weet:
gister en vandag het ons 'n lang pad gekom
ons is nie halfnaaitjies nie
ons is Kaaps ...

Die begrip *Kaaps* as linguistiese en geografiese merker is hier beduidend. Die volkstaatresonansies daarvan word ontdaan in die pleidooi wat die gedig lewer vir die erkenning van 'n “Kaapse tradisie” binne “één nasie/ één trou/ één vaderland” (1995:91), 'n tradisie geskep uit 'n “ryk verlede” van lyding en verzet waarvan die “moerstaal” 'n hoeksteen is. Die ooreenkoms met die diskoers van die reënboognasie is voor die hand liggend¹⁰. Anders as sy voorgangers, rig

¹⁰ Vergelyk ook die volgende uittreksel uit die gedig “Advent” in die gelyknamige bundel (Petersen, 1988:66):

Die muur moet val.
Die reënboog moet nou kom.
... Kleuters in hul duisende,
steek vlaggies

Petersen hom veeleer tot 'n gemeenskap van onderdruktes en anti-apartheidstryders¹¹, as tot Afrikaners of 'n inklusiewe Afrikaanse gemeenskap. Die inkleding van sy Afrikaansheid word in terme van eersgenoemde gegee; in “komvandaan” uit die bundel *amandla ngawethu* (1985:1) sê hy:

ek eien in die jagter se ge-oep myself
in die kirr van die bamboesfluit
die voëlvanger met die namaakfluit is ekke
êrens in die angsaanjagende dreun van die trom
decor van my afrikaansheid is liefdeblyke
soos dou en somerreën vir my jong hart is.

In “Ons kom van ver af” is Petersen skerp krities teenoor die koloniale orde en dié wat daaraan vasklou, (“... ons verketter/ elke witmens/ nog steeds/ met letter/ en maak hulle weerstand tot afgodery ...” – 1995:83)¹², terwyl hy 'n pleidooi rig aan die seëvierende onderdruktes om “... die liefdesband/ hegter/ egter/ met vryheid te knoop” (1995:98).

6. Ter afsluiting

Dat identiteit 'n diskursiewe konstruk is, geskep uit die narratiewe van die subjek en geskiedenis, word deesdae algemeen aanvaar. Die aanname dat identiteit nie stabiel en nie-essensialisties is nie, maar 'n historiese konstruksie wat in sy wese heterogeen en differensieel is, behoort 'n mens waaksaam te maak vir die arbitrêre kategorisering van mense in groepe. Dog, die geskiedenis van die groep gedefinieer as kleurling bewys die teendeel. As deel van die magspel wou politici nog altyd hierdie groep homogeeniseer, soos so duidelik blyk uit pogings in die sestiger- en sewentigerjare om 'n afsonderlike kleurlingidentiteit te skep. Die ambivalensie rondom naamgewing – vergelyk hier die benaming “sogenaamde kleurling” – en die bewustelike keuse vir “swart” was 'n verset hierteen.

singend dansend juigende,
in hul harte vas
(die klein duiweltjies)
Vrede van Azania
... en dan: 'n regimentorkes speel
Seën Afrika en al haar kinders.

- 11 Kyk in hierdie verband ook sy lofdigte aan vrouefigure in die anti-apartheidstryd in die bundel *Advent* (1988).
- 12 Dit is klaarblyklik 'n verwysing na die Belhar-belydenis wat die teologiese regverdiging van apartheid tot kettery verklaar het en wat steeds in die weg staan van eenwording tussen die Verenigde Gereformeerde en Nederduitse Gereformeerde Kerke.

Hierdie verset is moontlik steeds legitiem en daar kan meriete wees in die gebruik van die konsep swart naas ander identiteite as verset teen die proses van homogenisering, koöptering en etniese chauvinisme. Die kritikus Henry Louis Gates (1992:315) merk op dat die bedreiging vir gemarginaliseerdes nie soseer lê in die assimilasië of stroping van 'n strydvaardige "alteriteit" nie, maar intedeendeel in die sentrum/ dominante ideologie se strewe om 'n homogene Ander te behou. Gemarginaliseerdes se verset hierteen is in die vorm van die skep van grense binne grense, differensiasie, selfs fragmentasie. 'n Verdere strategie is die diskreditering van ander deur hulle voor te stel as in die sentrum, dit is deel van die mag van die periferie in dié antinomieëse verhouding tot die sentrum.

Dit is debatteerbaar of swart Afrikaanse skrywers altyd strydvaardig is met die konstruksie van identiteit wat hulle skep. Tog vervul dit 'n belangrike rol in die opmaak van die diskoers rondom identiteite.

Verwysings

- Abrahams, P.W., Beukes, E., Boezak, A., Petersen, P. & Theunissen, I. 1995. *Ons kom van ver af*. St. Helenabaai : Prog.
- Adams, N., Boezak, A., Brown, F.A., Hollenbach, C.J., Mackier, M.C., Petersen, P.J. & Titus, M.F. 1988. *Aankoms uit die skemer*. St. Helenabaai : Prog.
- Adams, W., Koza, L. & Petersen, P. (reds.) 1990. *Optog*. Grassy Park : Domistica-uitgewery.
- Adhikari, Mohamed. 1993. Protest and accommodation: ambiguities in the racial politics of the APO, 1909-1923. *Kronos*, 20:92-106.
- April, P. 1969. S.V. Petersen – kleurlingdigter. *The Educational Journal*: 5-7, Jan-Feb.
- Ashcroft, B., Griffiths, G. & Tiffin, H. 1989. *The empire writes back: theory and practice in post-colonial literatures*. New York & London : Routledge.
- Bakhtin, Mikhail M. 1981. *The dialogic imagination*. Austin : Univ. Texas Press.
- Botha, D.P. 1960. *Die opkoms van ons derde stand*. Kaapstad : Human en Rousseau.
- Cloete, T.T. e.a. (reds.) 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Goodwood : Nasou.
- Cope, Jack. 1982. *The adversary within: dissident writers in Afrikaans*. Cape Town : David Philip.
- Du Preez, Max. 1995. Bedonnerde Boer: onderhoud deur Anneliese Burgess. *Die Suid-Afrikaan*, 54:14-17.
- Fanon, Frantz. 1986. *Black skin, white masks*. London & Sidney : Pluto Press.
- Gates, Henry L. 1992. African American criticism. In: Greenblatt, Stephen & Gunn, Giles (eds): *Redrawing the boundaries: The transformation of English and American literary studies*. New York : MLA. p. 303-319.
- Gerwel, G.J. 1985. Van Petersen tot die hede – 'n kritiese bestekopname. In: Smith, Julian, e.a. (reds.) *Swart Afrikaanse skrywers*. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland. Bellville : Universiteit van Wes-Kaapland. p. 11-21.
- Hale, Dorothy J. 1994. Bakhtin in African American literary theory. In: *English Literary History (ELH)* 61(2). Baltimore : John Hopkins Univ. Press. p. 445-471.
- Hall, Stuart 1990. Cultural identity and diaspora. In: Rutherford, Jonathan (ed.) *Identity: community, culture, difference*. London : Lawrence & Wishart. p. 222-237.
- Jonker, G. 1969. Die bitterheid van 'n Bruin Afrikaner: die politieke versies van Adam Small. *The Educational Journal*. 7-9, Oct-Nov.

- Kannemeyer 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 2*. Pretoria, Kaapstad & Johannesburg : Academica.
- Petersen, Patrick. 1985. *amandla ngawethu*. Genadendal : Morawiese Boekhandel.
- Petersen, Patrick. 1988. *Advent*. St. Helenabaai : Prog.
- Petersen, Patrick. 1992. *Vergenoeg*. St. Helenabaai : Prog.
- Petersen, Patrick. 1995. Daar het kragte losgeraak op Paternoster: onderhoud met Daniël Hugo. *Karring*, 10:35-36.
- Petersen, S.V. 1959 (1944). *Die enkeling*. Kaapstad : Maskew Miller.
- Petersen, S.V. 1960. *Die kinders van Kain*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg : Nasionale Boekhandel.
- Petersen, S.V. 1962 (1948). *Die stil kind*. Kaapstad : Maskew Miller.
- Said, Edward. 1994. *Representations of the intellectual: The 1993 Reith lectures*. London : Vintage.
- Segal, Ronald, 1995. *The black diaspora*. New York: Farrar, Straus & Giroux.
- Small, Adam. 1958. *Die eerste steen?* Kaapstad & Pretoria : HAUM.
- Small, Adam. 1975. *Black bronze beautiful*. Johannesburg : Ad Donker.
- Small, Adam. 1976. Getuienis in Staat vs. SASO-verhoor. Ongepubliseerde hoftranskripsie.
- Small, Adam. 1979. *Heidesee*. Johannesburg : Perskor.
- Small, Adam. 1980a. Watse soort skrywe is dit, prof. Brink? *Rapport*: 20, Jan. 20.
- Small, Adam. 1980b. Brink praat soos met 'n halfwas Hotnotjie. *Rapport*: 8, Feb. 3.
- Small, Adam. 1984. *The orange earth*. Ongepubliseerde BBC-radiodramateks.
- Small, Adam. 1987 (1961). *Kitaar my kruis*. Kaapstad : HAUM.
- Small, Adam. 1994. Sels as Adam X bly ek Afrikaans: 'n hofflike antwoord aan !Khoisan X, Jakes. *Rapport*: 21, Okt. 9.
- Small, Adam. 1995. Kô laat ons sing oor Afrikaans só saam-saam tuis kom. *Die Burger*: 11, April 21.
- Walcott, Derek. 1994. Caligula's horse. In: Slemon, Stephen & Tiffin, Helen, (eds.) *After Europe: critical theory and post-colonial writing*. Sidney : Dangaroo Press. p 138-142.

